



Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.



Gr. 9

Totaal: 65

Tyd: 1 uur

Kwartaal 2, Junie Eksamen Vraestel 1, 2026

VRAAG 1

1.1 Bestudeer die gegewe getalle en kies vanuit die lys:

$$-\sqrt[3]{125}; -2,123021 \dots; \sqrt[2]{\frac{4}{9}}; \frac{2}{0}$$

1.1.1 'n irrasionale getal. (1)

1.1.2 'n heelgetal. (1)

1.1.3 'n rasionale getal wat nie 'n heelgetal is nie. (1)

1.2 Skryf 0,00007021 in wetenskaplike notasie. (1)

[4]

VRAAG 2

2.1 John, Theo en Karlu gaan op 'n sporttoer en die totale koste vir die 3 spelers beloop R54 550,50. Indien die vriende die koste van hierdie toer in die verhouding 2: 4: 3 verdeel, hoeveel dra John tot die koste van die toer by? (2)

2.2 Die petrolprys verhoog van R28,50 per liter na R34,83 per liter. Bereken die persentasie prysverhoging. (3)

2.3 'n Petrolstasie gooi vir 35 motors petrol in by twee pompe in 'n tydperk van 35 minute. Indien die petrolstasie oor 8 petrolpompe beskik, hoeveel motors sal petrol by hierdie petrolstasie in 35 minute ontvang, indien die spoed waarteen petrol by die verskillende pompe ingegooi word konstant is? (2)

2.4 'n Motor ry teen 'n konstante spoed van 95 km/h. Bereken hoe ver hierdie motor in 45 minute sal ry. (2)

[9]

VRAAG 3

Vereenvoudig volledig en laat alle antwoorde met positiewe eksponente.

3.1 $2 - 3(-2x^2y^{-1})^3$ (3)

3.2 $\frac{18b^{-2}}{(c^{-1})^3} \div \frac{6b^{-1}}{c}$ (4)

3.3 $\frac{3x^6}{(\frac{x}{y})^0} + \sqrt[3]{-27x^{18}}$ (2)

3.4 $2(x + 2)^2 - 4(2x - 3)(2x + 3)$ (5)

[14]

VRAAG 4

Faktoriseer volledig:

4.1 $2(a + b) - 3a - 3b$ (2)

4.2 $\frac{x^2}{16} - 9$ (2)

4.3 $3x^2 + 6x - 45$ (3)

4.4 $4ab - 4c + 16cd^2 - 16abd^2$ (5)

[12]**VRAAG 5**Los op vir x :

5.1 $3x - 1 - 2(x + 4) = -x - 3$ (3)

5.2 $(6x - 1)(3x + 9) = 0$ (2)

5.3 $\frac{3x}{2} = 2 - \frac{3x-2}{3}$ (3)

5.4 $5^2 \times 5^{6x-1} = \sqrt[3]{5^{9x-3}}$


(4)

[12]


VRAAG 6

6.1 Gegee die vergelyking $2y - 4x = -6$. Skets die grafiek op die onderstaande assestelsel. Dui duidelik alle afsnitte met die asse aan.

(3)



6.2 Bereken die vergelykings van elkeen van die onderstaande reguitlyngrafieke AB, CD, EF en GH: (5)



6.3 Bepaal die vergelyking van die lyn wat deur die punte $(-1; 4)$ en $(2; 7)$ gaan. (4)

6.4 Indien $y - mx = 4$ parallel is aan die lyn met die vergelyking $4y - 2x = 8$, bepaal die waarde van m . (2)

[14]

Totaal: [65]